ALPHA

Kultureel-sensitiewe kommunikasie van die evangelie

DANIE MOUTON *Ds Danie Mouton is leraar by die NG gemeente Port Elizabeth Hoogland.*

Sowat ses jaar gelede het ons gemeente in alle erns begin soek na 'n nuwe benadering om die evangelie te kommunikeer. Ons wou sensitief vir die tydsgees en omstandighede in ons stad wees. Die noue verband tussen gasvryheid en evangelisasie het na vore begin kom. Ons het gesnap hoe die gasvryheid van die geloofsgemeenskap 'n deurslaggewende getuienis kan lewer. Die nuwe kwaliteit van lewe en liefde tussen Christene en hul openheid vir buitestanders speel 'n kritiese rol in evangelisasie.

Verder het mense al hoe minder van die Christelike geloofsinhoud geweet, sodat een of twee gesprekke oor die evangelie nie genoeg is nie. 'n Langer proses was nodig, sodat mense meer tyd kon hê om die Christelike geloof te ondersoek en 'n ingeligte besluit te neem. Meer as net rasionele kommunikasie van geloofsinhoude was boonop nodig – mense moes die evangelie ook prakties beleef.

Op soek na 'n nuwe benadering het my pad met Alpha gekruis. Die Alpha-kursus het in Holy Trinity Brompton (HTB), 'n Anglikaanse gemeente in die postmoderne en post-Christelike hart van Londen ontstaan. Dit is oorspronklik ontwikkel om die sentrale inhoud van die geloof vir Anglikaanse lidmate te verduidelik, maar dit het spoedig geblyk dat die kursus hoofsaaklik deur buitestanders bygewoon word wat die Christelike geloof wou ondersoek. HTB het Alpha daarop doelbewus aangepas om die evangelie op 'n kultureel-sensitiewe wyse aan moderne mense te kommunikeer.

Sedertdien het Alpha tot in meer as 130 lande versprei. Kursusgangers in HTB se eie Alpha-kursus is tans gemiddeld 27-jaar oud. Ek was tydens 'n internasionale Alpha-konferensie verstom om na die impromptu getuienisse van meer as 60 konferensiegangers te luister waarvan nie een langer as 18 maande 'n Christen was nie! Almal het as volwassenes tot geloof gekom. Alpha toon duidelik dat volwassenes positief reageer wanneer die evangelie op 'n gepaste wyse gebring word. Ons beleef dieselfde met ons eie Alpha.

Die Alpha-metode

Alpha bestaan uit vyftien praatjies wat oor tien weeklikse sessies versprei word. Dit sluit ook 'n naweek (of Saterdag) in wat oor die Heilige Gees handel.

Die aand begin met 'n ete waar die groep lekker saam gesels en kuier. Buitestanders sou moeilik kon identifiseer met 'n preek as wegspring plek of lofprysing in 'n idioom wat vreemd is. Almal kan egter kuier, eet en gesels. Om die etenstafel word verhoudings gevorm wat as brug dien waaroor die evangelie hul lewens konkreet binnetree.

Die ete word gevolg deur ’n praatjie wat handel oor ’n lewensbelangrike vraag. Wie is Jesus? Waarom het Jesus gesterf? Hoe kan ek seker wees van my geloof? Waarom en hoe bid ek? Hoe lees ek die Bybel? Wie is die Heilige Gees? Wat doen die Heilige Gees? Wat van die kerk? Hoe moet ek ander vertel? Genees God nog vandag?

Die geestelike nood van mense word beantwoord deur die vind van ’n verhouding met die liefdevolle, drie-enige God. Die liefde van God, die kommunikasie en die modellering daarvan, behoort voorop te staan. In hierdie proses lei die Gees van God mense altyd tot die belewing van persoonlike skuld, skuldbelydenis en die aangryp van Christus as Verlosser.

Dit is dikwels die interpersoonlike verhoudings, gebore uit opregte belangstelling en vriendskap, wat mense help om in ’n liefdevolle God te glo.

Na afloop van die praatjie gesels die kursusgangers in klein groepies oor die inhoud daarvan. Dit is ’n grootliks ongestruktureerde gesprek waarin almal kan sê hoe hulle dink of voel. Die klein groepies bly konstant en word deur ’n paar gelowiges gelei. Die model waarop die leierskap geskoei word, is egter dié van gashere en nie van leermeesters nie. Die leiers fasiliteer grootliks bloot die gesprek.

Binne die kleingroep kom vertrouensverhoudings tot stand wat tot groot openhartigheid lei. Mense vertrou dikwels hul lewensvrae, vertwyfeling en worsteling om sin te vind aan ander toe. Die Here gebruik hierdie vrae op ’n kragtige manier. Groepies ontdek die evangelie week na week toenemend as God se antwoord op vrae soos: Wie is ek? Waarom leef ek? Waarheen is ek op pad? Beide die sistematiese aanbied van die inhoud van die evangelie) én die praktiese doen van Christelike liefde en gasvryheid maak die verskil.

Winspunte en beperkings

Ons vind dat moderne, lewenswyse jongmense die Here deur Alpha vind en by die geloofsgemeenskap inskakel. ’n Makelaar het onlangs vertel hoedat God vir hom ’n mite was. Hy het vervolg: “In my beroep erken jy nooit jy het ’n fout gemaak nie. Ek het Alpha net kom doen op aandrang van my familie. Nou moet ek erken: daar is ’n lewende Here. Ek weet, ek het Hom op ’n kragtige manier ontmoet”.

Daar is ook beperkings. Dit is ’n inleidende kursus en vervang daarom nie die wesenlike rol van voortgaande Christelike lering in gemeentes nie. Daar is werklik harde werk nodig om egte buitestanders by die kursus te betrek. Alpha verg ook van gemeentes om inherent deur die evangelie vernuwe te word – anders word nuwe gelowiges nie geïntegreer in die bestaande geloofsgemeenskap nie.